

HOOFSTUK V

SMUTS VERKIES DOORNKLOOF BO NUWE EERSTE-MINISTERSWONING, 1939-1948

A GENL. JC SMUTS EN GESIN

Generaal JBM Hertzog het nooit die nuwe eerste-ministerswoning bewoon nie omdat die voltooiingsdatum daarvan eers tydens die bewindstyd van generaal JC Smuts was (fig. 42).



Figuur 42: Generaal J.C. Smuts.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Jan Christian Smuts (1870-1950) was die Afrikanersoldaat-staatsman wat teen die Britte in die Anglo-Boereoorlog geveg het en later 'n gerespekteerde staatsman van die Britse Ryk geword het. Smuts het saam met sy drie broers en twee susters op Bovenplaats naby Riebeeck-Wes opgegroei. Sy pa, Jacobus Abraham Smuts, het later in sy lewe tot die politiek toegetree as lid

van die Volksraad vir Malmesbury. In 1887 het JC Smuts met lof aan die Victoria-kollege (tans die Universiteit van Stellenbosch) op Stellenbosch gematrikuleer en aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verder gaan studeer. Die tyd wat hy daar deurgebring het, het 'n blywende invloed op hom gelaat. Dit is hier waar hy sy toekomstige vrou Sybilla Margaretha (Isie) Krige (1870-1954) (fig.45) leer ken het; hier het die politieke idees van JH ("Onze Jan") Hofmeyr by hom aanklank gevind en het hy sy belangstelling in die plantkunde ontwikkel. Sy uitstekende eksamenuitslae besorg aan hom 'n beurs om aan die Universiteit van Cambridge te gaan studeer.¹

Hy het van 1891 tot 1894 aan Christ's College, Cambridge, studeer. Hier is hy beskou as een van die briljantste studente ooit. Hy het albei dele van die regs kursus waarvoor hy ingeskryf het in een jaar en met lof afgehandel. Hy is die Suid-Afrikaner wat tot dusver verreweg die meeste onderskeidings aan Cambridge behaal het. Die feit dat hy nie baie geld gehad het nie, het tot die besondere prestasie bygedra, want hy kon deelname aan min buitemuurse aktiwiteite bekostig. Die *fellowship* wat Christ's College hom in die regte aangebied het, het hy van die hand gewys.²

In 1895 het hy hom na sy terugkeer na Suid-Afrika in die Kaap as advokaat gevestig. Hier het hy die politieke idees van Hofmeyr en Rhodes aangehang, maar na die Jameson-inval het hy 'n Afrikanernasionalis en 'n republikein geword. Hy het in 1897 met sy bruid na Transvaal verhuis en 'n jaar later Staatsprokureur van Transvaal geword waar hy hom besonder goed van sy taak gekwyt het. In dié tyd skryf hy ook *Een eeuw van onrecht*.³

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is hy as verteenwoordiger van die regering in die hoofstad gelaat nadat die regering na Middelburg, Transvaal (nou Mpumalanga) verhuis het. Later in die oorlog het hy ook die wapen opgeneem en 'n baie suksesvolle generaal geword en selfs die Kaapkolonie binnegeval. Met die vredesonderhandelings by Vereeniging en in Pretoria was hy die woordvoerder vir die Zuid-Afrikaansche Republiek. Na die oorlog het hy weer by die politiek betrokke geraak.⁴

¹ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 15.

² A. Pretorius, Smuts se reputasie staan nog sterk by Cambridge, *Beeld*, 1999-03-23, p. 13.

³ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 16.

⁴ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 16.

Hy het later as Koloniale Sekretaris in genl Louis Botha se regering gedien en het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van sy ou vyand geveg. In die oorlog verslaan sy troepe die Duitsers in Duitswes-Afrika (nou Namibië). In 1917 word hy lid van die Britse imperiale oorlogskabinet. Na die Eerste Wêreldoorlog het hy gehelp om die Handves van die Volkebond op te stel. Tussen die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog het hy as Premier van Suid-Afrika gedien. Smuts, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog nou met sir Winston Churchill (1874-1965) saamgewerk het, het na die oorlog gehelp om die Verenigde Nasies tot stand te bring.⁵ Hy was die enigste staatsman wat beide die Vrede van Versailles in 1919 en die vredesluiting in 1946 bygewoon het.⁶

B SMUTS EN LIBERTAS

1. *Die Smutsfamilie verkies Doornkloof*

Die Smutsgesin het Libertas nooit permanent bewoon nie. Doornkloof by Irene, die Smuts plaas, was skaars tien myl (sestien km) buite Pretoria en die familie het verkies om daar te woon. Die woning op Doornkloof het 'n interessante geskiedenis (fig.43). Dit was oorspronklik die offisiere se menasie by Kitchener se hoofkwartier op Middelburg, Transvaal. Smuts het dit na die Anglo-Boereoorlog van die Britte gekoop en na Doornkloof vervoer waar dit as familiewoning opgerig is. Die hout-en-sinkwoning het hom oorspronklik driehonderd pond gekos. Die heroprigting het 'n jaar geduur en het hom nog duisend pond uit die sak gejaag. 'n Aantal kamers is met verloop van tyd bygevoeg en die stoepe toegemaak, maar die woning lyk vandag nog baie soos die oorspronklike gebou. Die vierkantige eenverdiepinggebou met sy nou stoepe⁷ was ver verwyder van die moderne Libertas.

In die biografie oor sir James Sommerville, *Fighting Admiral* (1942), beskryf kaptein Donald Macintyre die Doornkloof-huis as “made out of galvanized iron - like a collection of cowsheds.”⁸ Lady Daphne Moore word aangehaal in Hancock se boek oor Smuts waar sy haar verbasing uitspreek oor die feit dat die Smutse “this tin hovel” bo die elegante Libertas verkies het. Volgens haar was Doornkloof gevul met skreeuende kinders en opgegaarde dinge, die lawaai was

⁵ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, pp. 769-791.

⁶ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 143.

⁷ P.S. Lean, *One man in his time*, p. 41.

⁸ P. Grimbeek, *Recreating the historic house interior*, p. 44.

onophoudelik en luid en dit het voorgekom asof al die inwoners van die woning so daarvan gehou het.⁹



Figuur 43: Die woning op Doornkloof kort na die aankoop daarvan in 1909.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Vir Smuts was Doornkloof sy ontsnapping aan die politieke lewe. Hy sou vroeg in die oggend opstaan en in gemaklike ou klere in die veld gaan stap. Plantkunde en die studie van grasse was sy gunstelingtydverdryf en het hy met wêreldberoemde kenners op dié gebiede gekorrespondeer.¹⁰ Hy sou dikwels op die uitstappies aan metgeselle seldsame voorbeelde van plaaslike flora uitwys met die opdrag om dit nie te pluk nie. Sy graspers sou op die wandelinge altyd saam met hom geneem word.

Ten spyte van sy liefde vir die plantkunde het Smuts nie van aangeplante tuine gehou nie. Mevrouw Smuts het aanvanklik 'n pragtuin op Doornkloof gehad, wat sy prysgegee het sodat Smuts die veld en bome kon geniet.¹¹ Smuts en sy vrou het baie bome rondom die woning aangeplant. Daar was ook baie diere op die plaas soos volstruise, wildeganse, koedoes, elande en rooibokke. Die kinders het gereeld wilde diere as troeteldiere aangehou. In 'n stadium was daar selfs twee leeuwepies en 'n luiperd op Doornkloof.¹² Baie van die foto's van Doornkloof toon

⁹ W.K. Hancock, *Smuts II*, p. 390.

¹⁰ P.S. Lean, *One man in his time*, p. 42.

¹¹ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 247.

¹² T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 56.

die generaal in die tuin saam met sy kleinkinders. Dit was vir hulle ‘n groot plesier om saam met hulle oupa in so ‘n wilde tuin te kuier.¹³ Smuts het gereeld op lang staptogte deur die veld gegaan, selfs tot so ver as die Rietvleldam, etlike kilometer van Irene. Dit was die stilte, die vrede van die platteland en die eensaamheid van die veld wat tot hom gespreek het.¹⁴

Die luukse van Groote Schuur, sy ander amptelike woning, het Smuts nie geraak nie. Wat hom na sy Kaapse verblyf gelok het was die feit dat hy kon bly in die skadu van Tafelberg, waarvoor hy so lief was. Hy het soos Rhodes ‘n slaapkamer gekies wat ‘n uitsig op die berg gehad het, maar dit was weer een van die kleiner, eenvoudige slaapkamers wat hy verkies het. Sondae het hy en soms vriende en familie op die berg gaan stap en eers laat na Groote Schuur terugkeer. Hy het Tafelberg ‘n bron van geluk, ontspanning en bepeinsing gevind.¹⁵

In 1911 skryf Smuts aan sy vriend Arthur Gillett dat hy hom alleen vir die Parlementsitting in Kaapstad bevind. Sy vrou wou nie sy kinders wat skool moes bywoon, alleen laat nie. Volgens hom was die ‘penal servitude’ soos hy dit genoem het, nie eers verlig deur God se seëning aan hom - sy vrou - nie. Hy het verlang na die tyd wanneer hy sy lewe ontspanne en in vrede kon deurbring.¹⁶ Wanneer dit vir Smuts gevoel het dat hy moes wegkom van die ‘hell into which he had wandered’, het hy vrede in die veld, sy biblioteek en by sy vrou gevind. Sy was kalm met vrede in haar siel.¹⁷ In 1919, na die ondertekening van die Verdrag van Versailles beskryf hy sy tuiskoms op Doornkloof so :

“Isie and the children were great, and Doornkloof was a dream. And the air and the nights and the days! I have simply plunged into it with all my heart, and it is soaking into me like a blissful opiate and making me forget the great world of sorrow and suffering I have left behind me.”¹⁸

13 P.S. Lean, *One man in his time*, p. 42.

14 F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 248.

15 NASA, Pretoria. A1: Smutsverameling, persknipsels: *Cape Times*, 1939-11-04.

16 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 64.

17 T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 82.

18 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 81.

Op Doornkloof het hy elke dag geniet. Hy het die minimum aandag aan politieke sake gegee en net gelees en gepeins. Hy het dit alles so vreedsaam en bevredigend gevind. Sy siel het letterlik begin verdor in die barre wêreld van die politiek. In 1926 het Smuts die siek Emily Hobhouse genooi om op Doornkloof te kom herstel. Hy het 'n idilliese prentjie geskilder van hoe sy onder die wilgerbome op Doornkloof sou sit met 'n uitsig oor die koppies en die vet koeie wat in die son wei. Sy het egter nooit die uitnodiging aanvaar nie en is kort daarna oorlede.¹⁹

Volgens Smuts was die openbare lewe een van konstante opofferings van 'n normale gesinslewe. In 1919 het hy gevoel dat sy vrou maer en uitgeput gelyk het. Die feit dat hy in 1919 Premier geword het, het ook tot die spanningsvolle situasie bygedra.²⁰

Die deftige Libertas met sy antieke meubels en marmervloere was nie vir mev Smuts aanloklik nie. Daphne, Jannie Smuts se eggenote, wat op oorsese besoeke as mev Smuts se sekretaresse diens gedoen het, het vertel hoe ongemaklik Ouma Smuts was as sy by deftige mense moes tuisgaan. Sy het niks van seremonie en status gehou nie en was altyd ontstig as 'n bediende vir haar wou uitpak of badwater wou intap.²¹

Volgens van die Smutskinders het waarskynlik niks wat by Doornkloof ingegaan het in die tyd wat hulle die woning bewoon het, ooit weer daar uitgekom nie. Dieselfde wankelrige tafel waarby die kinders tydens die eerste jare op Doornkloof gesit het, is nog steeds deur die kleinkinders gebruik. Van die meubels in die woning is twintig jaar tevore van familie gekoop. Mevrouw Smuts het gevoel dat dit nie goed in daardie familie se woning vertoon het nie, maar dat dit heeltemal goed genoeg vir hulle was.²²

Macintyre het die leefvertrek beskryf as 'n mengsel van vervalde vroeg-Victoriaanse meubels en foto's van koninklikes wat skeef teen die mure gehang het. Op die tafel was 'n versierde ere-adres uit Londen, diep versteek onder 'n verouderde, voorgelese *London News*. Volgens hom: "It looked like a real home and they all go to bed at 9:30... I wouldn't have missed it for the

¹⁹ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, pp. 101, 107.

²⁰ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 83.

²¹ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 95.

²² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1940-05-24.

world”.²³ ‘n Kenmerk van Doornkloof wat almal opgeval het, was dat daar orals boeke was. Die studeerkamer het ongeveer 6 000 boeke bevat, die leefkamer ongeveer 75 en byna elke vertrek het boekrakke met boeke op gehad. “Everywhere there were books - large numbers of them strewn about in every room and passage of the house.” Smuts se studeerkamer met die duisende boeke was sy toevlug. Hancock noem dit die “symbol of his solitude.” Smuts het gesê dat hy in sy studeerkamer net die stilte van Doornkloof hoor. Net die dood kon meer vrede as Doornkloof verskaf. Van boeke het hy gesê dat hy die digters, dromers en filosowe kon ontmoet en die geluk kon ervaar wat boeke kan verskaf.²⁴

Soms het die Smutsgesin aangesit aan ‘n tafel wat nie ‘n tafeldoek oor gehad het nie, sommer uit die oopgemaakte blikkies opgeskep en sout uit ‘n eierkelkie gestrooi. Smuts het dit nie eens opgemerk nie, totdat familielede hom gevra het om Isie daarvoor aan te spreek. Sy antwoord was dat hulle haar moes uitlos - sy was ‘n kind van die natuur.²⁵

Etenstye in Doornkloof was baie rigiede geleenthede. Sodra Smuts aansit vir ontbyt, moes al die ander lede van die familie of vriende ook dadelik vir ontbyt aansit. Slegs siek persone of babas is van ontbyt verskoon. Gaste het nooit ontbyt in die bed ontvang nie.²⁶

Terwyl Smuts die wêreld vol gereis het, was mev Smuts die matriarg wat sake op Doornkloof bestuur het. Sy was die een wat die kinders grootgemaak het en ‘n ontspanne en liefdevolle omgewing vir haar man geskep het. Isie Smuts se natuurlike, ongekunstelde optrede saam met haar akademiese opleiding en haar intelligensie het baie mense bekoor. Toe koning George VI en sy familie Doornkloof in 1947 vir tee besoek het, het sy met die koning en koningin gepraat asof sy hulle al vir altyd geken het. Koningin Mary, aan wie Isie Smuts simpatie betuig het met die sterwe van haar seun George VI, skryf aan mev Smuts as “My Dear Ouma Smuts.”²⁷

²³ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 44.

²⁴ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, pp. 72, 90, 92, 109.


²⁵ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 249.

²⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Pretoria News*, 1946-04-27.

²⁷ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 58.

Sy het Doornkloof verkies, want na byna veertig jaar van leef in die woning, was dit gevul met herinneringe. Die prente teen die mure en familiefoto's was deel van haar. Sy kon byna dadelik alles vind wat sy gesoek het, so georganiseerd was Ouma Smuts. Vir Isie Smuts was Doornkloof 'n tuiste, maar Libertas 'n paleis wat haar aan Libertas Parva herinner het. Tog was baie van Libertas eg Suid-Afrikaans en dit het haar bekoor. Sy was tuis tussen die seldsame boeke en die blomme van die veld wat op die deure te sien is.²⁸

Groote Schuur het aan haar slegs estetiese plesier verskaf en Libertas het sonder enige twyfel nie die plek in haar hart ingeneem wat Doornkloof gehad het nie.²⁹



Figuur 44: Spotprent oor die feit dat Smuts eerder op Doornkloof as in Libertas gewoon het.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M. Smuts.

²⁸ T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

²⁹ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1941-05-24.

Wanneer sy en die Premier verplig was om in Libertas te oornag, het sy nie die hoofsuite gekies nie, maar een van die eenvoudige enkelkamers, waarskynlik vir 'n bediende bedoel.³⁰ Smuts self het ook altyd een van die eenvoudiger slaapkamers verkies. Op Doornkloof het hy op die stoep op 'n harde ongemaklike enkelbed geslaap. Sy bedtafeltjie was 'n kombuisstoel met net genoeg plek vir 'n lamp, 'n koppie koffie en 'n boek.³¹ Net na dagbreek sou die voëls baie na aan sy bed, wat agter 'n net versteek was, na saadjies kom soek.³²

Sy slaapkamer in die woning was "little better than a broad passage." Teen die mure was familiefoto's en kindertekeninge. Daar was sy skeergoed, 'n waterbeker en op die vloer naby sy bed die eenvoudige leersandale wat Mahatma Ghandi vir hom gemaak het. Hy het die sandale gereeld gedra, al het hy soms gevoel dat hy dié skoene nie waardig was nie.³³

Die onopgesmukte woning van Jan Smuts dien as 'n herinnering dat jy nie is wat jy besit nie, maar dat jy is wat jy dink.³⁴

2. *Naamgewing van Libertas*

Tot en met die voltooiing, is slegs na die woning verwys as die nuwe woning van die Eerste Minister in Pretoria. Mevrouw Smuts het besluit om die woning te vernoem na haar geboortehuis in Stellenbosch, Klein Libertas. Dat Suid-Afrika in daardie stadium in 'n oorlog betrokke was, het dit nog pasliker gemaak, omdat geglo is dat om vryheid geveg word.³⁵

Tot 1941 is na die verblyfplek as die woning van die Eerste Minister in Pretoria verwys en daarna het die naam Libertas in amptelike korrespondensie verskyn.³⁶

Die plaas Libertas of 'Oude Libertas' was een van die eerste plase in die omgewing van Stellenbosch (fig.46). Op 23 November 1689 was die plaas reeds op die naam van Jan Coernelisz

³⁰ T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

³¹ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 246.

³² T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 101.

³³ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 79.

³⁴ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 127.

³⁵ J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, pp. 387-388.

³⁶ NASA, Pretoria. 641, 2/1310 : Sect.PWD - Chief Quantity Surveyor, 1941-12-15.

“Bombar” van Oude Beyerland. Soos die ander ou plase in die Stellenbosch-omgewing het Libertas aan die waterryke gebiede langs die Eersterivier en sy sytakke gelê.³⁷

Libertas was later die eiendom van Adam Tas (1668-1722), ‘n Hollandse Vryburger wat in 1697 in die land aangekom het. Tas, ‘n opgevoede man, het ‘n dagboek gehou wat waarskynlik die eerste literêre poging in die land was. Uit die dagboek leer mens hom ken as ‘n sosiale persoon wat die taal doeltreffend kon aanwend, veral om sy vyande te laat deurloop. Dit het gelei tot die skrywe teen WA van der Stel waarmee hy hom ‘n jaar gevangenskap op die hals gehaal het.³⁸



Figuur 45: Mevrouw Isie Smuts.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

³⁷ F. Smuts, *Stellenbosch drie eeue*, p. 68.

³⁸ C. de Bonsari, *Cape Dutch Houses and Farms*, p. 74.

Die verhaal bestaan dat hy die plaas die naam Libertas gegee het omdat dit dan “Tas is vry” sou beteken het. Maar die naam is lank voor Tas al aan die plaas gegee. “Liber” beteken “vryheid” in Latyn. Tas het die geleentheid aangegryp om die woordspeling te gebruik.³⁹ Klein Libertas, ook bekend as Libertas Parva, het bestaan uit ‘n gedeelte van Adam Tas se Libertas, wat in 1771 gekoop is en twee morge van Oude Molen wat in 1783 gekoop is. In 1869 het JD Krige, mev Smuts se vader, dit van Paul Ryk Roux gekoop. Dit het die Krige-woning geword.⁴⁰

Smuts het tydens sy studiejare op Stellenbosch naby Libertas Parva geloseer en elke oggend saam met Isie na hulle klasse gestap. Smuts en Isie is na ‘n verhouding van tien jaar in 1897 in die voorkamer van Libertas Parva in die eg verbind.⁴¹ Dus moes die naam Libertas baie herinneringe vir die Smuts-egpaar ingehou het.



Figuur 46: Mevrouw Smuts se ouerhuis in die tyd dat Libertas in Pretoria gebou is.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Volgens Tom Macdonald, skrywer van ‘n biografie oor mev Smuts, was dit ‘n delikate saak om name aan staatseiendom van die Unie van Suid-Afrika te gee. Sowel die Afrikaans- as die Engelsprekende gemeenskap se oortuigings moes altyd oorweeg word, maar hy is van mening dat die naam Libertas almal gepas het, selfs die Nasionaliste!⁴²

³⁹ F. Smuts, *Stellenbosch drie eeue*, p. 353.

⁴⁰ H. Fransen & M.A. Cook, *The Old Houses of the Cape*, p. 51.

⁴¹ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, pp. 14, 26.

⁴² T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 84.

3. *Inrigting*

Kathleen Mincher beskryf hoe Libertas in die Smuts-tydperk daar uitgesien het. Die woning was so modern soos wat Groote Schuur oud was. Al die slaapkamers en die badkamers was versier in pastelkleure met muurpapier en volvloermatte. Die slaapkamers het lieflike uitsigte gehad. Na die noorde was byna geen teken van huise te bespeur nie. Die ampswoning was smaakvol gemeubileer en ideaal vir onthale ontwerp. Volgens haar het die Smutsgesin slegs een of twee keer in Libertas oornag en betreklik klein slaapkamers verkies. Sy het self daarna gesmag om in een van die pastelkleurige kamers te oornag met sy eie badkamer en meer kaste as waarvan sy ooit kon droom.⁴³

Die tuine het sy beskryf as elegante terrasse met visdammetjies met waterlelies en goudvissies en waarin fonteintjies geborrel het. Daar was klip-inhamme waarin tropiese varings koel en verleidelik gegroei het. 'n Kronkelende teerpaadjie begrens met bome het tot voor die woning gelei.⁴⁴

Smuts was tog in 'n noue mate by die woning betrokke. Die bestuur en beheer van die woning het direk onder die Departement van Buitelandse Sake geval, waarvan Smuts die politieke hoof was.⁴⁵ In 1946 is gevra dat die uitstalkabinet verlig word sodat die generaal se waardevolle persoonlike silwerversameling daarin uitgestal kon word.⁴⁶

Na 'n besoek aan J Stalin (1879-1953) het Smuts en Churchill in Kaïro oorgebly. Churchill het tyd gevind om 'n aantal skilderye van die piramides te maak. Hy het twee van hulle aan Smuts geskenk waarvan een in Libertas gehang is.⁴⁷

⁴³ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁴⁴ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁴⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec. PM, 1945-12-11.

⁴⁶ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec. PWD - Sec. External Affairs, 1946-01-18.

⁴⁷ J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, p. 448.

In 1941 het die Rhodes-trustees twee sewentiende-eeuse Vlaamse tapisserieë wat Amerika en Europa voorstel, gekoop. Hulle het dit uit erkenning vir die werk wat hy vir die Britse Gemenesbes gedoen het aan Smuts geskenk.⁴⁸ Hy het die twee in Libertas laat ophang.

Op die Departement van Openbare Werke se voorstel dat 'n seildakkie oor die voorste skuifdeure opgerig word om die gietende somerrëen uit te hou, het die Kantoor van die Premier gereageer deur daarop te wys dat Smuts erg gekant was teen 'n dakkie wat die aansig van die woning sou skaad. Die dakkie moes van die wegskuif tipe wees sodat dit uitgeplaas kan word vir die ontvangs van gaste tydens rëen, maar weer verwyder kon word. Dit mag nie van 'n permanente aard gewees het nie.⁴⁹ Die probleem is later met die inryportaal opgelos.

Natuurlik was dit soms moeilik om met die Premier kontak te maak, aangesien hy hom gereeld in die buiteland bevind het.⁵⁰ Tydens die beplanning van 'n waghuis vir Libertas in 1946, kon die Departement van Openbare Werke selfs nie met die Eerste Minister se sekretaris kontak maak nie, aangesien hy hom ook in Londen bevind het.⁵¹ Uiteindelik het dié Departement daarin geslaag om die planne vir die waghuis goedgekeur te kry, deur dit via die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen aan Smuts te stuur.⁵²

Nie alle versoeke van die Departement van Openbare Werke is so maklik deur Smuts goedgekeur nie. Gedurende 1945 is 'n versoek van dié Departement vir 'n spiëel, geraam om by die eetkamermeubels te pas, en twee olieverfskilderye deur die Eerste Minister afgekeur. Die versoeke moes oorstaan tot 'n latere datum wanneer meer fondse beskikbaar was.⁵³

Die huishoudingbestuurder van Libertas, AH Marsh, het in 1946 voorgestel dat 'n naamplaat op die hekke geplaas word, nadat hy gemerk het hoe genooide gaste verby die hekke ry.⁵⁴ Op dié

48 NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Birmingham Post*, 1941-10-24.

49 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec. External Affairs - Sec. PWD, 1945-09-01.

50 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec External Affairs, 1946-04-09.

51 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec External Affairs, 1946-04-09.

52 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Mnr.Spies, 1946-05-01.

53 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PWD - Sec.PM, 1945-07-21.

54 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Prime Minister and Minister of External Affairs, 1946-2-16.

versoek was die antwoord dat Marsh taktvol ingelig moes word dat die Premier nie ten gunste van die voorstel was nie.⁵⁵

Uit die staanspoor het Libertas nie 'n volledige stel silwerware gehad nie. Die tafelware was Amerikaanse sterlingsilwer in die "King's pattern" geskik vir 32 persone. Dié silwerware wat vir tweehonderd pond gewaardeer is, is van die stoomskip *Visut Kasatri Nawa* gekonfiskeer. Dit is gedoen volgens die ooreenkoms wat bestaan het tussen lidlande die Gemenebes met betrekking tot skepe en hulle vragte. Die silwerware is in 1941 deur die hof tot wettige oorlogsbuit verklaar en deur Libertas gebruik.⁵⁶

Vroeg in 1944 versoek die hoof van die huishouding dat aandag aan die gebrek van silwerware in Libertas gegee word. Die tekort aan silwerware het veroorsaak dat hulle soms silwerware vir gebruik in Libertas moes leen.⁵⁷ In 1944 gelas die Departement van Openbare Werke dat die silwerware van Libertas en Goewermentshuis vir spesiale geleenthede saamgevoeg word. Die Departement het aangevoer dat onthale in die oorlogsomstandighede in elk geval tot die minimum beperk word en min of geen ongerief sou dus verduur hoef te word as gevolg van dié reëling nie. Geen ander plan kon gemaak word nie, aangesien 'n tekort aan silwerware tydens die oorlog bestaan het. Ware wat wel af en toe beskikbaar was, was onbekostigbaar duur.⁵⁸

Die Libertas-huishouding het gevoel dat die leen van silwerware 'n ongerieflike reëling was wat maklik tot verleentheid kon lei. Soms was dit selfs nodig om silwerware van die huishoudingpersoneel of by ander amptelike woninge te leen. Dit het groot verleentheid veroorsaak as die gaste dan die silwerware herken as behorende aan ander persone. Volgens die huishoudingbestuurder was dit nie gepas dat die silwerware nie aan die eise van waardigheid en die smaak verbonde aan die status van die Eerste Minister voldoen het nie. Hulle het nogtans die opdrag aanvaar om silwerware oor en weer te leen.⁵⁹

⁵⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PM - PWD, 1946-04-27.

⁵⁶ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 14.

⁵⁷ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PM - Sec.PWD, 1944-06-21.

⁵⁸ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PWD -Sec.PM, 1944-06-30.

⁵⁹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PM - Sec.PWD, 1944-07-08.

Daar is ook van die silwerware van Groote Schuur gebruik gemaak as die Volksraad nie in sitting was nie. Die silwerware wat deel van Rhodes se boedel gevorm het, is aan die einde van die Parlementsitting deur die hoof van die huishouding per passasierstrein van Kaapstad na Libertas gebring. Met die begin van die volgende Parlementsitting is die silwerware per trein na Groote Schuur teruggeneem.⁶⁰ Self al was die silwerware van Groote Schuur gebruik, was daar steeds 'n tekort aan silwer en dan is Goewermentshuis se silwer ook gebruik.⁶¹ Soms is onthale gedurende 'n Parlementsitting by Libertas aangebied en moes silwerware van die Suid-Afrikaanse Spoorweë geleen word.⁶²

Teen 1947 het dié stand van sake Libertas se huishouding die harnas in gejaag. In Januarie 1947 lê die hoof van die huishouding 'n lys van silwerware geleen vir 'n klein middagete aan die Departement van Buitelandse Sake voor. Hy voeg by: "This is the sort of business that has been going on since Libertas has been built."⁶³

In Februarie 1948 gelas die Eerste Minister sy privaatsekretaris om 'n amptelike middagete by Libertas te reël. Tot sy groot ontsteltenis ontdek die privaatsekretaris dat daar onvoldoende silwerware by Libertas is, aangesien die silwerware reeds na Groote Schuur gestuur is. Die gaste was ook reeds na die middagete genooi! Die privaatsekretaris het gevolglik aanbeveel dat daar dadelik werk van die saak gemaak word, aangesien Marsh die saak reeds lankal onder die Departement van Buitelandse Sake se aandag gebring het.⁶⁴

Behalwe dat die heen en weer vervoer van die silwerware prakties moeilik was, het die Eerste Minister gevoel dat die silwerware uit Groote Schuur nie by die atmosfeer van Libertas gepas het nie. Die Eerste Minister het besluit dat daar dadelik aandag aan die silwerware gegee moes word. Daar is aan hom uitgewys dat die koste van nuwe silwerware tot soveel as twee duisend pond kon wees. Sy antwoord daarop was dat as dit gedoen moes word, dit goed gedoen moes word.⁶⁵

⁶⁰ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sekr.DOW - Ondersekr., 1948-02-10.

⁶¹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.External Affairs - Secretary to the Treasury, 1948-04-06.

⁶² NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: PM Libertas - Catering Departement SAR, 1947-12-30.

⁶³ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H Marsh - Sect.External Affairs, 1947-01-21.

⁶⁴ NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.PM - The Accountant, 1948-02-10.

⁶⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. - Sekr.EM, 1948-02-10.

Daar is besluit om die nodige bestellings deur die Hoë Kommissaris in Londen te plaas en dat die silwerware in gebruik by Libertas aan ander ampswonings beskikbaar gestel sou word.⁶⁶

Al die silwerware moes van 'n goeie gehalte en met die Suid-Afrikaanse staatswapen daarop gegraveer wees. Die lys van silwerware wat vir Libertas benodig was, het interessanthe soos vier vrugtebakke, twaalf spyskaarthouers en een sigaarhouer ingesluit.⁶⁷ Deur die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen is 'n tender van die firma Walker & Hall Ltd aangevra,⁶⁸ maar daar is besluit om ook 'n plaaslike vervaardiger om 'n kwotasie te nader.⁶⁹ Die Departement van Buitelandse Sake het die Suid-Afrikaanse Munt genader maar dié was van mening dat hy nie die silwerware sou kon vervaardig nie, aangesien sy personeel nie daarvoor opgelei was nie. Die Munt het onderneem om 'n plaaslike vervaardiger te vind. Die South African Cutlery Manufacturers, Johannesburg, is deur die Munt aangewys as die geskikste om die taak te onderneem.⁷⁰

Waar die silwerware uiteindelik bekom is, is nie duidelik nie, maar in 1948 het mev DF Malan artikels gekies wat deur Walker & Hall verskaf moes word⁷¹ en in 1951 is nog silwerware op sir Abe Bailey se boedelvendusie vir gebruik in Libertas gekoop.⁷²

In 1952 is Libertas se silwerware afgelewer en is die huiskelner versoek om seker te maak dat alle items wat aan Groote Schuur behoort, dadelik terugbesorg word.⁷³ Dat Libertas wel silwerware gekry het, is duidelik uit die feit dat die Goewernews woning in 1953 silwerware by Libertas geleen het!⁷⁴

66 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.External Affairs - Sec.Treasury, 1948-04-08.

67 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. EM - Die Voorsitter, Unie-Tenderraad en Leweransierskantoor, 1948-04-09.

68 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec. External Affairs H. Olivier - Secretary High Commissioner, 1948-06-07.

69 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec. PWD - Metal Art Creations, Pty. Ltd. , 1948-05-15.

70 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.External Affairs D.D. Forsyth - Sec.Treasury, 1948-12-03.

71 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake J.D. Pohl - Sekretaris van die Tesourie, 1948-09-02.

72 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - A.J. Neethling. 1951-02-22.

73 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Visser - Scholtz. 1952-06-12.

74 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr.EM - G.Oosthuizen, 1953-06-12.

4. *Libertas word gebruik*

Die voltooiing van die nuwe eerste-ministerswoning is op 21 November 1940 met 'n inwy-tee gevier (fig.47).⁷⁵

In November 1940, kort na die voltooiing van Libertas het Smuts tydens 'n toespraak aangekondig dat mev Smuts besluit het om Libertas as 'n soort hoofkwartier van die "Gifts and Comforts Organization" te gebruik. Hy het voorspel dat Libertas dan binnekort soos sy eie woning daar sou uitsien: gevul met die produkte van mev Smuts se harde werk. Hy kon hom geen beter gebruik van Libertas indink nie.⁷⁶

Dié organisasie waarvan sy die nasionale Presidente was, het die lewe vir die Suid-Afrikaanse soldate wat in die Noorde geveg het, probeer veraangenaam. Sy het alle vroue aangespoor om vir die soldate tuisgemaakte artikels te stuur. Sy self was byna nooit sonder haar kaki-breiwerk nie. Sy het dit selfs een keer by die Parlement ingesmokkel met die gedagte dat dit agter die lysisie van die ministeriële galery versteek sou wees, maar sy is daarmee betrap en is byna uit die Parlement verwyder, breiwerk en al.⁷⁷ Die "Gifts and Comforts Organization" het mev Smuts se woorde "Al wat ons, vrouens, kan doen, is om by ons mans te staan en hulle aan te help," beliggaam.⁷⁸

⁷⁵ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

⁷⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels : *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

⁷⁷ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 94.

⁷⁸ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels, s.a.



Figuur 47: Mevrou Smuts by die viering van Libertas se voltooiing, 1940-11-21.

Uit: NASA, Pretoria A1 Smutsversameling: *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

Sy het werksgrøpe by Libertas en Groote Schuur gereël. Na dié oggendgeleenthede het sy almal genooi wat ‘n inset kon lewer, die vrouens van ambassadeurs, bekende burgers, die vrouens van Parlementslede en haar baie vriende. ‘n Heerlike, besige oggend is dan deurgebring. Soms het Ouma Smuts gereël dat ‘n iemand hulle vermaak en so het Elsie Hall dikwels vir hulle klavier gespeel.⁷⁹

As gevolg van haar bydrae het sy onder die soldate bekend geraak as die “geliefde Ouma Smuts” (fig.48). Na die oorlog is sy ‘n eerbewys deur die Britse koning vir haar bydrae aangebied, maar sy het dit van die hand gewys omdat sy gevoel het dat daar mense was wat dit meer as sy verdien het.⁸⁰

⁷⁹ K. Mincher, *I lived in his shadow*, pp. 94-95.

⁸⁰ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p.141.

RAND DAILY MAIL, THURSDAY, AUGUST 22, 1940.

"OUMA"!

By Bob Connolly



"The Oubaas and I regard you soldiers as our children."— Mrs. Smuts.

Figuur 48: Spotprent oor mev Smuts se "Gifts and Comforts Organization".

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M.

Smuts.

In 1939 - net voor Kersfees - het een van die senior personeellede in die Premier se departement aan Smuts vertel dat Hertzog altyd net voor Kersfees saam met die personeel vir 'n bier uitgegaan het. Hy het gewonder of Smuts hom die keer by hulle wou aansluit. Smuts het dit met graagte gedoen en 'n toespraak afgesteek waarin hy gesê het dat hy besef dat nie al sy personeellede sy politiek deel nie, maar hy verwag net lojaliteit en harde werk van hulle, afgesien van hulle politiek. Kersfees 1940 het Smuts weer dieselfde uitnodiging ontvang, maar dit dié keer van die hand gewys. Op die vraag of die personeel hom dan die vorige jaar geaffronteer het, het hy geantwoord dat hulle die vorige keer die geleentheid gereël het en dat dit daarna sy beurt was. Hy het almal, insluitende die boodskappers, na 'n genotvolle geleentheid in die splinternuwe Libertas uitgenooi.⁸¹

⁸¹ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 299.



Figuur 49: Genl. Smuts tydens die oorhandiging van die publikasie *Veldtog vir Vryheid* in Libertas.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev. I.M. Smuts.

In 1941 is die publikasie *Veldtog vir Vryheid* wat die Abessiniese veldtog beskryf, deur Uys Krige en Conrad Norton uitgegee. 'n Kopie van die boek is tydens 'n geleentheid by Libertas aan Smuts oorhandig (fig.49). Gaste by die onthaal was onder andere luitenant-generaal sir Pierre van Ryneveld, Hoof van die Generale Staf en adv HG Lawrence, Minister van Binnelandse Sake.⁸²

Tydens 'n banket in 1941 in Libertas is die toenmalige Belgiese Kongo (nou die Demokratiese Republiek van die Kongo) se Goewerneur-generaal, Pierre Ryckmans, en sy vrou in Suid-Afrika verwelkom. Tydens die banket het Ryckmans gesê dat België dapper voortveg en dat hulle na die oorlog na goeie betrekkinge met Suid-Afrika uitsien.⁸³

⁸² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels, s.a.

⁸³ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Suiderstem*, 1941-10-07.



Figuur 50: Louis Smuts en haar bruidegom, Denis McIldowie, op hulle troudag, 1943-10-23.

Uit: NASA, Pretoria A1:
Smutsversameling - koerantknipsels soos
saamgestel deur mev I.M. Smuts.

Libertas is ook gebruik vir die huweliksonthaal van die jongste Smutsdogter, dokter Louis (fig.50).⁸⁴ Generaal Smuts kon die huweliksbevestiging op 23 Oktober 1943 nie bywoon nie, want hy was in die buiteland. Hy het egter aan haar 'n telegram van gelukwense gestuur. Sy seun, kaptein Japie Smuts, het die bruid weggegee. Die hele bruidsgevolg was in uniform geklee. Die bruid was in die uniform van 'n kaptein in die mediese korps en die bruidegom, luitenant Denis McIldowie het die Transvaal Scottish se uniform aangehad. Die gaste in die kerk het vir mev Smuts hande geklap toe sy die kerk na die bevestiging verlaat het. Mevrouw Smuts het aan die hoof gestaan van die onthaal wat later by Libertas aangebied is. Die gaste het bekende persone van die tyd soos generaal J Pienaar, WB Madeley, Minister van Arbeid, die

84

T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

waarnemende eerste minister, JH Hofmeyr, en kol. CF Stallard, Minister van Mynwese, ingesluit.⁸⁵

Kathleen Mincher, aangenome dogter van Smuts, se huweliksonthaal is ook op die terrein van Libertas gehou. Volgens Mincher was die woning en tuine die perfekte plek vir die hou van elegante onthale. Ouma Smuts het nie die onthaal bygewoon nie, omdat sy nie gesond was nie en het direk na die bevestiging na Doornkloof teruggekeer. Die bruid was in uniform geklee omdat Smuts gevoel het dat dit nie gepas sou wees dat een van sy gesin in 'n tyd van oorlog nie in uniform was nie. Dus was die hele bruidsgroep in uniform geklee, van die veldmaarskalk tot die bruidegom, 'n korporaal. Een van die gaste, 'n vise-lugmaarskalk, het opgemerk dat dit die eerste keer was dat hy in 'n ry moes staan om 'n korporaal geluk te wens.⁸⁶

5. *Inwoners van Libertas tydens die Smuts-regering*

Smuts het Libertas slegs by uitsondering vir persoonlike doeleindes gebruik en dit vir die res van die tyd aan die gaste van die regering of ander openbare figure afgestaan.⁸⁷ In Januarie 1941 was die Goewerneur-generaal van Mosambiek, generaal Jose Tristao de Bellencourt,⁸⁸ een van die eerste gaste van die regering wat in Libertas gewoon het.⁸⁹ In 1946 het lugmaarskalk sir Charles Nedhurst in Libertas tuisgegaan⁹⁰ en in 1948 het die graaf en gravin van Athlone Libertas gebruik.⁹¹ Ander gaste was die Portugese Minister van Kolonies, dr Marcelo Caetano⁹² en lugmaarskalk sir Arthur Tedder (1890-1967) (fig.51) en sy vrou.⁹³ Lugmaarskalk Tedder het gedurende die oorlog baie met Smuts te doen gehad⁹⁴ toe Tedder as die tweede in bevel van operasie Overlord in Europa diens gedoen het⁹⁵ en hy en sy eggenote het na die oorlog die land

⁸⁵ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Star*, 1943-10-23; *Rand Daily Mail*, 1943-10-25.

⁸⁶ K. Mincher, *I lived in his shadow*, pp. 93, 140.

⁸⁷ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sekr. van Buitelandse Sake - Sekretaris van die Tesourie, 1953-04-23.

⁸⁸ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1941-10-28.

⁸⁹ NASA, Pretoria. PWD 2/1310: Sec.PWD - J.S.Cleland, 1940 - 12 - 12.

⁹⁰ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Prime Minister and Minister of External Affairs, 1946-11-01.

⁹¹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: PWD - Onder Sekretaris, 1948-02-10.


⁹² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Star*, 1945-07-24.

⁹³ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec of External Affairs - PWD, 1945-07-13.

⁹⁴ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *African World*, 1942-08-22.

⁹⁵ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 155.

besoek. Sy vrou het met hulle aankoms opgemerk: “I cannot believe we are really here. It is too wonderful.”⁹⁶



Figuur 51: Smuts en Churchill saam met hooggeplaaste offisiere.

Heel links agter staan lugmaarskalk A. Tedder.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling-koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M. Smuts.

Hooflugmaarskalk sir Arthur Harris (1892-1984), beter bekend as “Bomber Harris” - hoof van die bomkommandement van die Koninklike Lugmag (RAF)⁹⁷ en sy gesin het ook in ‘n stadium daar ingewoon toe hulle op ‘n amptelike besoek aan Pretoria was. Peter Tomlinson, assistent van Harris, het vertel dat hy een oggend besig was om in ‘n sy adamsgevaad oefeninge te doen, toe een van die dames van ‘n koninklike groep, waarskynlik die Griekse koninklikes, sy kamer onverwags binnegestorm het. Sy het heeltemal ongesteurd by hom verbygetrippel - iets uit die

⁹⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Natal Daily News*, 1945-08-24.

⁹⁷ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 155.

kas, die enigste kas lank genoeg vir lang aandrokke - geneem en die vertrek verlaat. Intussen het hy 'n vergeefse poging aangewend om homself met die volvloermat te bedek.⁹⁸

Van die bekendste gaste aan Libertas was seker prinses Frederika van Griekeland, haar suster Konstantina en Frederika se kinders (fig.52). Frederika was die kleindogter van keiser Wilhelm II van Duitsland.⁹⁹ Die Griekse koningsgesin het Griekeland in 1941 verlaat nadat dit deur Duitsland verslaan is. Hulle het na Egipte gevlug, maar dit het gevaarlik geword en toestemming is gegee dat hulle na Suid-Afrika kom. Kort nadat die koningsgesin in die land aangekom het, het Smuts hulle vir middagete by Libertas ontvang. Die koningsgesin was vir Smuts baie interessant, maar dit was Frederika vir wie hy 'n sagte plekkie ontwikkel het.¹⁰⁰ Oor Frederika het hy gesê: "She is a remarkable woman, with great gifts of the heart and head." Volgens hom was sy 'n denker, belese, baie jonk, aangenaam om na te kyk en 'n student van die holisme.¹⁰¹

Nadat die Griekse koning Suid-Afrika verlaat het om hom in Londen te vestig en die kroonprins hom in Egipte bevind het,¹⁰² het prinses Frederika en haar kinders op Smuts se uitnodiging Libertas en Groote Schuur vir ongeveer twee jaar bewoon.¹⁰³ Smuts het hom gereeld tydens middagete by hulle aangesluit. Daar is nie baie tydens die etes gesels nie, want Smuts wou altyd na die nuus oor die radio luister.¹⁰⁴ Smuts en Frederika het gereeld vir oefening op lang wandelings gegaan en om met die natuur te kommunikeer. Hulle is dikwels gesien waar hulle in die veld om Pretoria of in die Kaapse berge gestap het of by Muizenberg gaan swem het.¹⁰⁵

Frederika het soms op Doornkloof gaan kuier. Die woning op Doornkloof moes na die luukses van Libertas vir haar 'n groot verrassing gewees het. Lord Harlech het dit in 1942 nie verniet as 'completely unmodernized and gloriously untidy' beskryf nie. Frederika was verbaas oor die feit dat elkeen homself moes help en dat jy self die bad se kraan moes oopdraai as jy wou bad.¹⁰⁶ 'n

⁹⁸ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁹⁹ A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 2.

¹⁰⁰ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 111.

¹⁰¹ K. Ingam, *Jan Christiaan Smuts, the conscience of a South African*, pp. 227, 223.

¹⁰² P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 112.

¹⁰³ A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 2.

¹⁰⁴ Queen Frederica of the Hellenes, *A Measure of Understanding*, p. 63.

¹⁰⁵ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 114.

¹⁰⁶ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 115.

Staatjie lui dat mev Smuts vir Frederika oor die vingers getik het omdat sy die verwarmer te naby die beddegoed geplaas het en omdat sy te skraps gekleed geslaap het!¹⁰⁷



Figuur 52: Smuts saam met prinses Frederika en haar man, kroonprins Paul.

Uit: A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 1.

Smuts het 'n lewenslange vriendskap met die prinses opgebou en haar 'Freddie' genoem.¹⁰⁸ Gerugte het die rondte gedoen oor die goeie vriendskap tussen Smuts en die prinses. Hierdie gerugte is nog verder versterk deur die feit dat Frederika in Libertas en Groote Schuur ingewoon het. Toe die gerugte te algemeen word, het Smuts gereël dat Frederika die land oor die radio toespreek om haar dank teenoor die Suid-Afrikaners uit te spreek vir hulle gasvryheid aan haar en haar kinders. Dit het egter nie 'n einde aan die skinderstories gemaak nie.¹⁰⁹ Isie Smuts was

¹⁰⁷ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 59.

¹⁰⁸ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 148.

¹⁰⁹ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 12.

of onbewus van die gerugte of het voorgegee om nie daarvan te weet nie en het Frederika as 'n troue en liefdevolle eggenote beskou. Sy het haar teer 'Dear Little Princess' genoem.¹¹⁰

In 1942 het Smuts peetpa vir een van prinses Frederika se dogters geword. Dit was die eerste keer dat 'n persoon sonder koninklike bloed peetouer van 'n Griekse koninklike geword het. Sy is gedoop "Irene" wat in Grieks "Vrede" beteken. Dit was ook die naam van die omgewing van Doornkloof en die woonbuurt aldaar.¹¹¹ Die twee klein dogters - Sophia was net twee jaar oud - Sophia en Irene kan nie veel van Libertas onthou nie, maar "keep the impression of a very pleasant house, where they spent a very happy part of their childhood". Vandag nog is Sophia, koningin van Spanje en Irene, prinses van Griekeland, dankbaar teenoor Suid-Afrika vir die feit dat hulle in die land kon bly.¹¹²

Smuts het noue bande met koning George V (1865-1936) en koningin Mary (1867-1953) gehad en gedurende die Tweede Wêreldoorlog ook 'n goeie verhouding met George VI (1895-1952) en sy gesin opgebou. Na die oorlog het hy die koninklike gesin genooi om in Suid-Afrika te kom vakansie hou om van die stres van die oorlog te herstel. Hy het gemeen dat hulle sou ontspan en was verstom oor die aantal geleenthede wat hulle bygewoon het en die uitputtende reisplan wat hulle gevolg het. Hulle het in Februarie 1947 hier aangekom en meer as 16 000 km gereis. Prinses Elizabeth (1926 -) het haar een en twintigste verjaarsdag in Suid-Afrika gevier en die koninklike besoek was 'n groot sukses wat 'n mate van feestelikheid na die ontberinge van die oorlog gegee het.¹¹³

Vir die besoek van die Britse koninklike familie het daar baie voorbereidings by Libertas plaasgevind. Hoewel die koningsgesin in Goewermentshuis, die Herbert Baker-woning, sou tuisgaan, was dit die Eerste Minister se wens dat Libertas ook vir hulle gebruik beskikbaar moes wees. Die woning moes dus vir die besoek voorberei word. Dit het binnens- en buitenshuise verbeterings soos meubilering en versiering ingesluit.¹¹⁴ Vir die verbetering en instandhouding van Libertas se tuine ter voorbereiding vir die besoek, het die Departement van Openbare Werke

110 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 148.

111 NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, *Suidstem* 1942-06-01.

112 Skriftelike mededeling: Her Majesty, Sophia, Queen of Spain, Palacio de la Zarzuela, Madrid, 1998-07-27.

113 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 171.

114 NASA, Pretoria. PWD 8439: PWD Sec.Governor General - Sec. PWD, 1946-03-09.

tweeduisend tweehonderd pond ontvang.¹¹⁵ Daar is opdrag gegee dat die sade wat vir die verbetering van die tuine bestel word, slegs ‘the purest strains of the best seeds in the world’ moes wees.¹¹⁶

Die huishouding het eenduisend tweehonderd pond ter voorbereiding aan die besoek ontvang¹¹⁷ en in Februarie 1947 het die KWV ‘n besending drank aan Libertas vir gebruik deur die besoekers gestuur.¹¹⁸

Van die probleme wat voor die koninklike besoek opgelos moes word, was die steeds lekkende dakke en probleme met die motorhuisdeure. Op ‘n versoek om ‘n tikmasjien vir gebruik deur die koninklike besoekers,¹¹⁹ reageer die Staatsdrukker dat hy ‘n masjien van sy tikpoel, uitgemaak aan die Departement van Buitelandse Sake, aan die woning sal leen.¹²⁰ Hy kon egter net ‘n tweedehandse versiene tikmasjien aan die koninklike besoekers beskikbaar stel.¹²¹

6. *Smuts neem afskeid*

Op 1 Junie 1948, ‘n dag voordat Malan Libertas sou betrek, het Smuts by Libertas ‘n afskeidsmiddagete vir sy uitgaande Kabinet gehou. Hy het glimlaggend met die versamelde joernaliste en fotografe gesels en gespot dat hulle die verkiesingsuitslae sou veroorsaak het. Hulle sou dit gedoen het deur Malan so af te neem dat hy soos ‘n reus lyk!¹²² Hoewel Smuts sy hand oor die woning gehou het, is Libertas in Smuts se tyd nie werklik as ampswoning vir die

115 NASA, Pretoria. PWD 8439: 2892: Chief Superintendent - Sec. PWD, 1946-03-27.

116 NASA, Pretoria. PWD 8439: Chief Superintendent of Gardens - Sec.PWD, 1946-03-27.

117 NASA, Pretoria. PWD 2/6022, 1835: Sec.PWD - Mr.Terry, 1946-06-02.

118 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Douglas Green and Co - Sec .PM., 1947-02-21.

119 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Sec. PM and External Affairs, 1946-10-16.

120 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: G.Tillema - Government Printer, 1946-11-21.

121 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Acting Government Printer - Acting Sec. PM, 1946-11-26.

122 Anoniem, Smuts vacates his office, *Pretoria News*, 1948-06-01, p.1.

Premier se gesin gebruik nie en sou dit eers in Malan se tyd die doel vervul waarvoor dit opgerig is.

HOOFSTUK VI**LIBERTAS WORD BEWOON DEUR EERSTE MINISTER DF
MALAN, 1948-1954****A DF MALAN EN GESIN**

Daniël Francois Malan is op 22 Mei 1874 op die plaas Allesverloren, Riebeeck-Wes, gebore. Malan se ouers was goeie vriende met hulle bure, die ouers van Jan C Smuts. Smuts en Malan het na dieselfde skool gegaan en hulle het saam op Stellenbosch gestudeer. Malan se vader, Daniël Francois (1844-1908), was 'n gesiene, welgestelde kerkman en lid van die Afrikanerbond. Van sy moeder, Magdalena du Toit (1847-1893) wat 'n besadige minsame mens was, het Malan sy karakter- en fisiese eienskappe geërf. Sy was 'n vrou van min woorde met 'n gesonde oordeel en ewewigtige temperament. Na die dood van sy moeder in 1893, het Malan se vader met Esther Fourie van Beaufort-Wes getrou, wat 'n groot invloed op Malan uitgeoefen het.¹

As jong kind was dit reeds duidelik dat Malan fisies nie baie sterk was nie. Sy akademiese prestasies is ook beïnvloed deur die feit dat hy bysiende was. In 1891 het Malan by die Victoria-kollege op Stellenbosch ingeskryf waar Smuts ook gestudeer het. As student het Malan nie aan sport deel geneem nie, maar hy het graag gestap en ten spyte van sy afgetrokke en swygsame persoonlikheid het hy graag gedebatteer. Malan het juis op uitnodiging van die buurseun, Smuts, lid van die Uniedebatsvereniging op Stellenbosch geword.² Winston Churchill het een maal gesê dat hy nog nie tevore iemand met Malan se beredeneerdheid gevind het nie. Hy het gevoel dat Malan werklik respek afdwing.³

In 1895 behaal Malan sy B.A.-graad en besluit om predikant te word. In September 1900 het hy na Utrecht, Nederland, vertrek om verder in die teologie te gaan studeer.⁴

¹ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

² W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

³ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 58.

⁴ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

Toe pres. SJP Kruger in Desember 1900 Utrecht op sy deurreis na Den Haag aangedoen het, was Malan aanwesig en in Januarie 1901 het Malan Kruger in sy hotel in Utrecht besoek. Die besoek van die Boeregeneraals Louis Botha, CR de Wet en JH de la Rey aan Kruger ten tyde van sy verjaarsdag in 1902 het 'n diep indruk op Malan gelaat. Malan het ook verskeie besoeke gebring aan pres. MT Steyn en sy vrou, waar hulle in Duitsland vertoef het. Daar het 'n hegte vriendskap tussen hulle ontstaan wat Malan se politieke en kulturele sienings beïnvloed het.⁵

In 1905 verwerf hy die doktorsgraad in godgeleerdheid en in dieselfde jaar het hy die hulpprediker van die NG gemeente op Heidelberg, Transvaal, geword. Hier word Malan bewus van talle mense wat nog onder die gevolge van die Anglo-Boereoorlog gebuk gaan. Na 'n paar maande op Heidelberg neem Malan 'n beroep na Montagu aan waar hy hom tydens sy bediening van ses jaar beywer vir die opheffing van die verarmde Afrikaner. Gedurende dié tyd tree Malan reeds as moontlike volks-, kultuur- en akademiese leier op die voorgrond. Hy het belangrike insette by sinodesittings, in die Afrikaanse Taalvereniging en De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (tans die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns) gelewer.⁶

In 1914 word die Nasionale Party deur Hertzog gestig en daar ontstaan die behoefte aan 'n spreekbuis vir die party. Malan word die redakteur van die blad. Die eerste uitgawe van *Die Burger* het in 1915 verskyn en in dieselfde jaar word Malan tot die hoofbestuur van die Nasionale Party verkies. As redakteur van *Die Burger* tot 1923, het hy rigting aan die Afrikaner se nasionale aspirasies gegee en partybeleid help formuleer.⁷

In 1924 word Malan in die Kabinet van Hertzog opgeneem as Minister van Binnelandse Sake, van Onderwys en van Volksgesondheid. Malan het 'n belangrike bydrae tot die erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1925) gelewer en het die beleid van tweetaligheid in die staatsdiens kragdadig deurgevoer. Hy was ook aan die voorpunt van delikate onderhandelinge (1925-1928) oor Suid-Afrikaanse burgerskap en die vlag.⁸

⁵ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 578.

⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 579.

⁷ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 579.

⁸ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 580.

Malan het op vyftigjarige ouderdom vir die eerste keer getrou nadat sy huishouding jare lank uit sy stiefmoeder en drie stiefsusters bestaan het. Die bruid, 'n weduwee, Mattie van Tonder, was drie en twintig jaar jonger as Malan.⁹ Danie Malan onthou hoe hy saam met sy moeder en broer die dubbelkamer gedeel het en sy vader in 'n klein kamertjie op sy eie geslaap het. Die rede daarvoor was dat dr Malan erg gesnork het. Klein Danie het dan dikwels douvoordag by sy pa gaan inkruip.¹⁰ In 1930 het mev Malan gesterf en Malan met twee klein seuntjies agtergelaat. Malan moes sorg dat sy twee seuns goed versorg word. Die oplossing was 'n jonger suster van sy stiefmoeder wat by Malan ingewoon en na die gesin omgesien het.¹¹

Malan was baie geheg aan sy seuns. As Minister het hy in Bryntirion in huis nr. 19 ingewoon reg onderkant die bult waar Libertas later gebou is. Hy het dikwels vir oefening met die seuns gaan stap en vir die Kaapse seuntjies gewys om nie vir donderweer bang te wees nie. Hy het dit baie geniet om vir die klein seuntjies op die lang wandelinge stories te vertel. Malan se gehegtheid aan sy twee seuns het veral na die dood van sy eerste vrou toegeneem.¹² Danie onthou dat hy dikwels saam met sy vader teen die berghang tussen Leeukop en Seinheuvel gaan sit en na die see gekyk het. Daar het sy pa se gedagtes blykbaar goed gewerk, want hy het aantekeninge in sy notaboekie gemaak, terwyl die seuntjies in die veld gespeel het.¹³ Voordat Malan tot Premier verkies is, het hy dikwels saam met die kinders naby Seepunt, eers by Ostende en later by Belle France gaan vakansie hou. Hier het hy ure saam met die seuns op die strand en rotse gespeel.¹⁴

Kinderlawaaï het hom nie gepla nie. Personeel het gevra of hulle die lawaaierige kinders wat buite sy kamer gespeel het, moes stilmaak sodat hy in stilte kon werk. Sy antwoord was dat kindergeluide hom gehelp het om te konsentreer.¹⁵

⁹ H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 308, 310, 314.

¹⁰ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

¹¹ H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 308, 310, 314.

¹² H.B. Thom, *DF Malan*, p. 315.

¹³ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

¹⁴ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 315.

¹⁵ E. Robins, *This man Malan*, p. 57.

In 1937 het hy vir die tweede keer getrou met Maria Anne Sophia Louw van Calvinia (fig.53). Die huwelik was kinderloos.¹⁶ Maria Anne Sophia was die tweede kind van dertien uit die tweede huwelik van haar vader. Haar vader, Willie Louw, het een en twintig kinders uit sy twee huwelike gehad. Hy was een van die eerstes om die Nasionale Party in die Parlement te verteenwoordig. Hy het sy setel aan Malan afgestaan toe Malan besluit het om die teologie vir die politiek te verruil. Mevrouw Malan het vertel dat Malan etlike kere aan haar voorgestel was en dit die volgende keer nie kon onthou nie. Tydens hulle getroude lewe het hy dikwels gedeeltes van sy toesprake aan haar voorgelees om die publiek se reaksie daarop te toets.¹⁷



Figuur 53: Dr D.F. Malan en mev Malan.

Uit: P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, (Kaapstad & Johannesburg 1972) n.p.

Dis duidelik dat hy die tipe man was wat 'n eie woning en 'n eggenote baie nodig gehad het. Dat die eggenote baie geduld en begrip moes gehad het, is ook nie te betwyfel nie. Malan was baie onprakties met die alledaagse lewe. Aan tafel het hy dikwels nie geweet wat hy eet nie en sou sit en wag dat iemand anders vir hom opskep. Iemand moes toesien dat sy hemp en sokkies by

¹⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 585.

¹⁷ P.A.K, Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

die pak pas en selfs die baadjie by die broek.¹⁸ Mevrouw Malan het haar man soveel moontlik van die daaglikse bekommernisse probeer bespaar. Sy het gesorg dat hy genoeg rus kry, sy motor vir hom bestuur en sy klere uitgesit. Volgens haar, was hy altyd in die wolke en sy moes na al die dinge op die grond omsien.¹⁹

Volgens Danie Malan het die gesinsopset met die tweede huwelik verander. Sy vader was meer “afwesig” en die huishouding is al meer aan sy stiefmoeder oorgelaat. Dit was asof sy vader nie gesinskonflikte kon hanteer nie. Een maal tydens ‘n rusie tussen die seuns en hulle stiefmoeder het Malan net die woning verlaat en by die visdammetjie gaan staan en tuur. Sy vrou, Maria, het gesê dat Malan ‘n krisis in die politiek uitgestel het totdat dit nie meer ‘n krisis was nie.²⁰ Malan kon deur die hewigste krisisse kalm en rustig bly. Hy was gedissiplineerd en het nooit spanning getoon nie. Slegs waar dit gekom het by die gesondheid van sy gesin, het hy hom ontstel. As iemand siek was, het hy dadelik ‘n dokter ingeroep.²¹

Een keer het Malan sy slaapkamer verlaat, netjies uitgevat in ‘n nuwe pak maar sonder ‘n hemp, want een was nie vir hom uitgesit nie en toe het hy vergeet om een aan te trek! By ‘n ander geleentheid het hy met die baadjie van een pak en die broek van ‘n ander by ‘n funksie opgedaag. Tydens bankette moes mev Malan ‘n wakende oog oor hom hou, want terwyl die ander gaste nog die voorgereg geniet het, sou hy, onbewus van wat om hom aangaan, reeds die nagereg bestel.²²

Interne woelinge binne die Nasionale Party het ‘n geleidelike verswakking in die regeringsparty tot gevolg gehad. Na onderhandelinge agter die skerms het Hertzog gesê dat hy Smuts se aanbod om ‘n koalisieregering aanvaar. Malan was bevrees dat die samewerking Afrikanerbelange sou bedreig. Teen meer as net ‘n koalisieregering het Malan hom sterk uitgespreek. Hy het gevoel dat die samesmelting nie kon slaag nie, solank as wat daar verskille tussen Hertzog en Smuts was oor beginsels soos die deelbaarheid van die kroon, die reg tot neutraliteit en die soewereine status van die Unie. In 1934 kom die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (die Verenigde

18 H.B. Thom, *DF Malan*, p. 308.

19 P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

20 H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

21 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 56.

22 E. Robins, *This man Malan*, pp. 52, 56.

Party (VP)) tot stand, terwyl die Kaaplandse Nasionale Party onder Malan die opposisie in die Volksraad word.²³

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was die VP-kabinet verdeeld oor deelname aan die oorlog. Malan het Hertzog, wat neutraliteit voorgestaan het, gesteun. Die neutraliteitsmosie is in die Volksraad verslaan en Hertzog het as Premier bedank. Smuts het Eerste Minister geword. Hertzog en Malan is 'n paar dae later by Monumentkoppie naby Pretoria met mekaar 'versoen'. In 1940 het Hertzog weens botsende belange uit die politiek getree. Malan het die leier van die opposisieparty geword.²⁴

Mevrou Malan het gevoel dat die jare in opposisie baie eise aan die gesin gestel het. Sy het Malan meestal op sy reise vergesel omdat sy die mening toegedaan was dat niks belangriker as sy versorging was nie. Hy het verkies dat sy saam met hom gaan, want hoewel hy nog sterk vir sy ouderdom was, het hy goeie sorg nodig gehad. Elke afspraak van hom het haar dus ingesluit, wat groot opofferings vir die gesin meegebring het. Hulle het die kinders dan in die sorg van bekwame huishoudelike personeel gelaat. Maar voor dit het sy eers spyskaarte en programme uitgewerk. Hoewel afsprake met die kinders dikwels in die slag gebly het, het hulle later daarvoor vergoed.²⁵

Later was die seuns groot en uit die huis en al het hulle gedurende universiteitsvakansies kom kuier, was Malan en sy eggenote alleen. In 1948 het hulle 'n Duitse weeskind, Hermine Sonnichen, aangeneem. Hulle het dit gedoen om 'n voorbeeld aan die publiek te stel, maar ook omdat hulle 'n kindjie in die huis wou gehad het. Marie Anna Malan, of Marietjie soos sy bekend geword het, het die jongste Malan geword (fig.54).²⁶ Volgens mev Malan was die dag toe Marietjie opgedaag het, die grootste gebeurtenis in hulle lewe saam. Malan was baie gretig dat hulle die lewendige witkoppie uit Schleswyk-Holstein moes aanneem en baie van hulle vriende het getuig hoe die koms van die dogtertjie Malan met 'n dekade of meer verjong het.²⁷

23 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 581.

24 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 581.

25 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 57.

26 H.B. Thom, *DF Malan*, p. 327.

27 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 55.



Figuur 54: Malan en sy dogter Marietjie.

Uit: E. Robins, *This man Malan*, (Cape Town, 1953) n.p

Die uitslag van die 1948-verkiesing was 'n groot verrassing wat die oorwinning aan Malan besorg het. Smuts het dit as 'n frats beskou, maar Malan het dit as 'n Godswonder bestempel. Op vier-en-sewentigjarige ouderdom het Malan die vierde Premier van die Unie van Suid-Afrika geword.²⁸

Die bekende politikus Helen Suzman (1917-), het Malan beskryf as 'n sedige dominee wat meer agting as liefde by sy partylede gekry het. Sy het gevoel dat hy nie die tipe persoon was aan wie 'n mens warmte getoon het nie.²⁹ Die latere eerste minister PW Botha het Malan beskryf as 'n kragfiguur en 'n groot orator, maar iemand wat in sy studeerkamer en sy huis 'n huislike mens was.³⁰

28 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 582.

29 H. Suzman, *In no uncertain terms*, p. 29.

30 J. Reindersleërs: koerantknipsel, *Die Transvaler*. s.a.

Danie Malan beskryf sy pa se lewenstyl as altyd dié van ‘n ou man. Malan het grootgeword in die Victoriaanse tyd waarin die pa die gesagsfiguur was. Hy het vertroue ingeboesem en rustig en selfversekerd met gesag gepraat. Hy het sulke selfdissipline aan die dag gelê dat hy ter enige tyd ‘n paar minute kon slaap.³¹ Hy sou maklik deurgeslaap het as iemand hom nie wakker gemaak het nie. Hy kon selfs te midde van ‘n krisis rustig slaap.³²

Malan was bekend vir sy kalmte, geduld en langzaamheid. Hy het nooit oorhaastig opgetree nie. “Doktor is tog so stadig!” is dikwels gesê, maar wanneer hy opgetree het, was dit berekend en onverbiddelik.³³ In sy openbare lewe het hy selde sy gevoelens getoon. Opposisiekoerante het hom dan as ‘n sfinks voorgestel.³⁴ Malan het vertel dat ‘n sekere joernalis geskryf het dat een van sy uitstaande kenmerke was dat hy nooit gelag het nie. Volgens Malan het die opmerking hom amper laat lag.³⁵

Hy was uiterlik terughoudend en afgetrokke, maar sy vriende en huisgenote het by hom ‘n warm menslikheid en spontane humorsin aangetref.³⁶ Sy humor het uiting gevind in dinge soos dat hy sy tuin op Stellenbosch tot Maria Louwpark, na sy vrou, gedoop het. Omdat sy vrou baie van koejawels gehou het, het hy een van die koejawelbome in die tuin ook ‘Maria’ genoem.³⁷ Na sy uittrede uit die politiek het Malan ‘n besoek van dr HF Verwoerd in Stellenbosch ontvang. Verwoerd het ‘n bos krismisrose aan Malan oorhandig met die woorde dat dit eintlik Malan se eie blomme was wat hy gebring het. Malan se antwoord was: “Gee dan my goed hier, moenie maak of jy vir my ‘n persent gebring het nie.”³⁸

As hy vakansie gehou het, soos in die Strand, sou hy dikwels gaan stap, die koerante lees en slaap. Hy sou glad nie werk nie en selfs begin om ‘n ontspannende speurverhaal te lees. Later sou hy die boek eenkant neersit met die opmerking dat dit gemors is en begin werk. Hy het so

31 H. Retief, *My Pa, die Premier*, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

32 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 90.

33 H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 202, 212.

34 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 584.

35 E. Robins, *This man Malan*, p. 46.

36 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 584.

37 E. Robins, *This man Malan*, pp. 53-54.

38 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 82.

verdiep geraak in sy werk dat hy, volgens mev Malan, 'n koppie tee sou drink as jy dit aan sy lippe hou. Anders sou dit net daar staan en koud word.³⁹

Die strandhuis *Rustig*, by Voëlklip, Hermanus, het gedien om Malan na liggaam en gees te verkwik. Die stilte van die bosse tussen die woning en die see het hy altyd baie geniet. Hy kon lank sit en peins en aantekeninge maak. Hy het dit al nodiger gevind as gevolg van sy kwynende gesondheid.⁴⁰

B MALAN IN LIBERTAS

Malan was die eerste Premier om Libertas gedurende sy ampstermyn permanent te bewoon.⁴¹ Volgens Thom, skrywer van *DF Malan*, het Malan Libertas op 2 Junie 1948 betrek. Dit was die dag nadat hy die Goewerneur-generaal, Gideon Brand van Zyl (ampstermyn 1945-1951), ontmoet het om sy pligte as Premier te bespreek. Die aand vantevore het die Malan-gesin in die Union Hotel, Kerkstraat, geslaap en die volgende dag na Libertas getrek. Die eerste vergadering met moontlike ministers het reeds op 2 Junie 1948 in Libertas plaasgevind.⁴² Op 4 Junie 1948 het 'n fakkeloptog van studente en lede van die Nasionale Jeugbond van Libertas na die Uniegebou beweeg vir 'n amptelike ontvangs van Malan en die nuwe Kabinet.⁴³ Van Libertas kon Malan afkyk op Bryntirion 19, die woning waar hy jare vantevore as Minister in Hertzog se Kabinet gewoon het.⁴⁴

³⁹ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 55-56.

⁴⁰ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 292.

⁴¹ NASA, Pretoria, PM EM 4/2 153: Sekretaris van Buitelandse Sake - Sek. van die Tesourie, 1953-04-23.

⁴² H.B. Thom, *DF Malan*, p. 212.

⁴³ Welcome for the cabinet tonight, *Pretoria News*, 1948-06-04, p.1.

⁴⁴ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 327.



Figuur 55: Libertas in die tyd van Malan.

Uit: Libertaslêer, Libertas. n.p.

Dit het 'n nuwe era vir Libertas ingelui. Tot en met Malan was Libertas maar eintlik as 'n staatsgastehuis vir gaste van Smuts gebruik. Met Malan het die woning nou 'n nuwe tydvak vir gebruik as die amptelike woning van die land se politieke leier binnegegaan.

Malan is na die verkiesing op Vrydag, 28 Mei 1948, per telegram deur die Goewerneur-generaal genooi om na Pretoria te kom en sy Kabinet saam te stel. Malan het dit noodsaaklik gevind dat mev Malan moes saamgaan en hy wou op Maandag, 31 Mei 1948, met die Bloutrein na Pretoria vertrek. Sy het dus net die naweek gehad om al hulle besittings in te pak en Môrewag in orde te kry met die verwagting dat hulle vir 'n geruime tyd nie weer in Stellenbosch sou kom nie. Sy het dit reggekry om vir die treinreis gereed te wees, ten spyte van die toestroming van gelukwense, joernaliste en byna drieduisend mense wat Malan kom besoek het.⁴⁵

Malan was by sy bewindsoorname van plan om Libertas te betrek.⁴⁶ Anders as Smuts het Malan nie 'n eie woning in Transvaal gehad nie en dit was dus logies dat hy die amptelike woning sou bewoon. Malan se privaathuis was Môrewag in Stellenbosch. Môrewag was 'n mooi woning op 'n ruim erf in 'n gesogte buurt waar die Malans gelukkig gewoon het.⁴⁷ Die woning is in 1942

⁴⁵ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 206.

⁴⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.Treasury - Office of the Prime Minister, 1948-06-15.

⁴⁷ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 206.

deur Malan gekoop⁴⁸ en hy het daar gewoon totdat hy tot Premier verkies is. Soos wat Smuts verkies het om op Doornkloof te bly, het Malan sy woning in Stellenbosch verkies. Die gevolg was dat Groote Schuur in die Kaap min deur Malan bewoon is.⁴⁹

Met Malan se verkiesing het hulle hulle woning op Stellenbosch, Môrewag, in die hande van 'n kweekskoolstudent gelaat. Hulle kinders, toe studente, kon dus in die woning bly inwoon, terwyl hulle ouers in Pretoria gewoon het.⁵⁰ Die woning is vandag nog in familiebesit.

Met die Malans se intrek in Groote Schuur, het Malan gesê dat dit 'n groot verandering vir hulle en 'n groot verandering vir Groote Schuur was. 'n Paar maande later het hulle veranderinge aan Groote Schuur aangebring. Van die veranderinge was hout- en marmervloere wat met mat bedek is, die groot hemelbed in die hoofslaapkamer is deur twee enkelbedjies vervang en nuwe groen bekleedsel is vir sommige meubels gebruik. Die veranderinge het verontwaardigde uitroepe van "vandalisme" en "beledigings teenoor Rhodes" uitgelok.⁵¹

Marietjie Malan het graag in die aande as haar pa by die ampswoning gekom het, hom by die voordeur van Libertas ingewag. Soms sou hulle dan 'n entjie gaan stap. Een so 'n aand het hulle by die Goewerneur-generaal se woning in Bryntirion verbygestap toe sy wou weet wie daar sou woon as Brand van Zyl aftree. Malan, wat toe al die antwoord geweet het, het geantwoord dat dit 'n geheim was wat hy nie aan haar kon vertel nie. Sy het belowe om dit ook 'n geheim te hou en hy het aan haar gesê dat dit dr EG Jansen sou wees. Baie maande later na die inswering van Jansen as Goewerneur-generaal het 'n aantal ministersvroue gesels oor hoe 'n goed bewaarde geheim dit was, maar dat die inligting tog iewers uitgelek het. Marietjie het aan haar pa gemeld dat dit nie sy was wat die waarheid uitgelap het nie, want sy kon baie goed 'n geheim bewaar. Beter as haar pa wat die geheim aan haar vertel het!⁵²

⁴⁸ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 56-57.

⁴⁹ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 33.

⁵⁰ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 56-57.

⁵¹ E. Robins, *This man Malan*, p.40.

⁵² P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 88.

1. Inrigting

Volgens Lettie Neethling was daar met die Malans se intrek nie veel versierings en skilderye in Libertas nie. Daar was nie juis veel meer as waarmee die woning in 1940 ingerig is nie. Sy herinner haar wel die borsbeeld van Hertzog in die voorportaal. Geen nuwe binnenshuise versiering is vir die Malans gedoen nie, selfs klein Marietjie se kamer is nie verander om by 'n jong dogtertjie te pas nie. Tog voel sy dat Libertas 'n heerlik leefbare ampswoning was. Dit was veral baie huisliker om in te woon as Groote Schuur wat eintlik maar 'n museum was.⁵³ Mevrouw Malan was die eerste gasvrou en inwonende Premiersvrou en het met haar intrek gevoel dat die woning maar onpersoonlik was. Sy het gou na hulle intrek gesê dat die verblyfplek spoedig 'n warm en persoonlike atmosfeer sou aanneem.⁵⁴



Figuur 56: 'n Duidelike bewys dat Malan by die huis was.

As sy jas, hoed, kiere en aktetas - wat altyd op dieselfde kis in Libertas se voorportaal neergesit is - daar was, was Malan tuis.

Uit: A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, (Braamfontein, s.a) p. 55.

⁵³ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.
⁵⁴ P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

‘n Probleem was die feit dat die huishoudingbestuurder, AH Marsh, wat uit die Smuts-tydperk gekom het, nie Afrikaans kon praat nie. Malan, die persoon wat die tweetaligheidsbeleid so kragdadig deurgevoer het, het hom nie gemaklik gevoel met die Engelssprekende Marsh nie en hy is deur ‘n Afrikaanssprekende persoon vervang. Lettie Malan voer aan dat dit die gevoel was dat Libertas die Malans se tuiste was en dat hulle nie kon saamleef met ‘n vreemde figuur wat nie hulle taal kon praat nie.⁵⁵

Die veiligheid van die inwoners van Libertas is verseker deur wagte wat in die aand buite die ampswoning gewaak het. Gedurende die dag was daar slegs wagte by die hekke. Lae muurtjies en plante was die enigste ander veiligheidsmaatreëls. Daar was geen hoë veiligheidsheining om Libertas se terrein nie.⁵⁶



Figuur 57: Die kwaatkamer in die tyd van Malan.

Uit: P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

⁵⁵ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

⁵⁶ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

In 1953 het Malan gevra dat 'n kleinerige brandkluis in die slaapkamer van mev Malan aangebring word sodat sy haar juweliersware veilig daarin kon bewaar. Toe navraag gedoen is oor die grootte van die kluis, het Malan sommer so met die hand 'n vierkant aangedui wat op 'n gepaste stander gemonteer moes word.⁵⁷

In 1948 het 'n twis ontstaan oor die Singer-naaldwerkmasjien wat in Libertas gebruik is. Dit is gebruik om huishoudelike instandhouding te doen en soms het die bediendes van besoekers dit gebruik as dit nodig was.⁵⁸ Mevrouw Isie Smuts het bevestig dat dié masjien haar persoonlike besitting was wat sy vir die "Gifts and Comfort Organization" gebruik het. Sy was bereid om dit vir tien pond aan Libertas te verkoop.⁵⁹ Of dit ooit gekoop is, is nie duidelik nie.

In afwagting van die nuwe silwerware vir Libertas, is besef dat die bestaande silwerwarebrandkluis onvoldoende was. Tekeninge van voorstelle vir 'n nuwe brandkluis ter waarde van £920 is aan die Eerste Minister vir goedkeuring voorgelê (fig.58).⁶⁰ Die Eerste Minister het die volgende maand reeds toestemming vir die voorgestelde verbeteringe gegee.⁶¹



Figuur 58: Die silwerwarekluis in Libertas.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁵⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.PM - Under Sec. Mr. Scholtz, 1953-04-24.

⁵⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Buitelandse Sake, 1949-02-24.

⁵⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: I. Smuts - EM, 1948-01-25.

⁶⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. P. M, 1949-05-17.

⁶¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. P.M. - Sekr. Buitelandse Sake, 1949-06-15.

2. *Personeel*

Malan het graag mense geterg. Jack Bruce het diens gedoen as die *Chef de Protocol* in Malan se tyd en as sodanig het hy dikwels voor sosiale funksies met mev Malan saamgewerk. By een so 'n geleentheid moes hy haar weer gaan raadpleeg net om te vind dat sy met verkoue in die bed was. Hy het erg ongemaklik gevoel maar so uit die deur van haar slaapkamer met haar gesels. Skielik het 'n bediende met 'n skinkbord met drankies daarop sy opwagting gemaak en Bruce was verplig om op 'n stoel langs mev Malan se bed te gaan sit en sy drankie te drink. Daarop maak Malan sy verskyning en speel die verontregte eggenoot met die woorde dat hy Bruce in sy vrou se slaapkamer gevang het, nogal met sterk drank in die hand! Malan het self die drankie vir Bruce laat haal!⁶²

Die privaatsekretaresse Aletta Johanna (Lettie) Neethling, nou mev Malan, wat van 1948 tot 1953 vir mev Malan gewerk het, het soms ook Malan se korrespondensie behartig. Volgens haar was Malan nie 'n persoon wat oppervlakkige grappies gemaak het nie. Hy was 'n sober, ernstige man wie se gedagtes altyd by sy werk was. Hy was 'n gawe werkgewer wat self die moeite sou doen op die trap op te stap om iets te gaan haal, terwyl hy ewe maklik die personeel kon gestuur het. Die enigste beslommernis was die taak wat die huishoudingpersoneel gehad het om Malan se hond, wat per trein heen en weer tussen Libertas en Grootte Schuur vervoer is, op die stasie te gaan haal!⁶³

3. *Vorraadopnames*

Jaarlikse voorraadopnames is by Libertas gemaak waartydens van elke item bewys gelewer moes word. Daar is ondersoek ingestel na oortollige, ontbrekende, verslete, nuttelose, beskadigde, onbruikbare of verouderde eiendom.⁶⁴ Daar moes deeglik verslag van alle items gelewer word. Alle gebreekte en onbruikbare items moes gehou word om tydens die ondersoek voorgelê te word. Ontbrekende items moes, sodra dit opgemerk is, aangeteken word met die gepaardgaande

⁶² P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 87.

⁶³ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

⁶⁴ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: G.Tillema, Sec. External Affairs, 1949-02-16 tot 1949-02-18.

verduideliking daarvoor.⁶⁵ So moes ou gordyne gehou word tot die volgende voorraadopname⁶⁶ en soms is dit namens die Departement van Openbare Werke per openbare veiling verkoop.⁶⁷

Tydens die 1952-inventaris is 'n aantal damastafeldoeke vermis en mej Van Zyl, die huishoudster, is versoek om 'n verduideliking te gee.⁶⁸ Sy kon geen verduideliking vir die vermiste artikels gee nie. Volgens haar het sy noukeurige aantekeninge gehou oor al die linne wat na die wassery gegaan het. Terwyl Libertas onder haar toesig was, het geen tekorte van dié aard ontstaan nie. Sy het aangevoer dat die huiskelner nie die huishoudster vir die verlore linne aanspreeklik kan hou nie, aangesien dit vir slegs ses maande van die jaar onder haar toesig was. Soos met Groote Schuur bly die verantwoordelikheid vir vermiste items dié van die huiskelner.⁶⁹ Verskeie huisbediendes het ook toegang tot die artikels gehad en dit is onmoontlik om die verantwoordelikheid vir die verlies van artikels te bepaal. Aangesien die artikels voortdurend in gebruik was, was dit uiters moeilik om die noodsaaklike beheer uit te oefen.⁷⁰

Met die inventaris in 1953 was daar weer linnetekorte. Volgens die huiskelner, Christiaan Christoffel Brand, het die artikels tussen die opnames in Februarie en Maart verlore geraak. Brand het saam met konstabel BJ Smit die kamer van een van die bediendes van Libertas deurgesoek. Hulle het wit gordyntyjies, vyf kussingslope en rooi gordyne opgespoor. Die linne was gemerk met die naam Libertas en mog nie in die bediende se besit gewees het nie. Die linne was gewoonlik toegesluit in kaste in Libertas en hoewel die bediende nie die sleutels gehad het nie, was hy gewoonlik met die linne werksaam.⁷¹ Die linne was in 'n ingeboude kas in Libertas waarvan die sleutels in die huiskelner se besit was. Gedurende die tydperk wat die Eerste Minister in Libertas gewoon het, is die sleutels deur die huishoudster gehou. Sy was vir die uitreiking van skoon linne en die versameling van vuil linne verantwoordelik. Die skoon linne is dan aan die bediendes gegee om die beddens op te maak.⁷² Die tydperk wanneer die Eerste Minister nie in Libertas gewoon het nie, is die linne in mottegif weggepak en toegesluit. Die

⁶⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: House Steward, Libertas - G.Tillema, Sec. External Affairs, 1949-08-11.

⁶⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Waarnemende Sekr. Buitelandse Sake - A.J. Neethling, Assistant-privaatsekretaresse, 1951-11-24.

⁶⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Huiskelner, Libertas - G.S. Oosthuizen, Privaatsekr, EM, 1953-04-09.

⁶⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - G.S. Oosthuizen, 1952-06-10.

⁶⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - G.S. Oosthuizen, 1952-06-16.

⁷⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. van Tesourie - G.S. Oosthuizen, 1952-08-11.

⁷¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring in die hof, 1953-04-28.

⁷² NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring deur C.C. Brand, 1953-04-13.

gevolgtrekking was dat die linne tydens die tydperk van inwoning deur die gesin weggeraak het.⁷³

Die bediende, John Monase, het aangevoer dat die betrokke items deur Marsh, die vorige huiskelner en ook deur Brand aan hom gegee is. Volgens hom is ou linne dikwels aan die werkers gegee sodra dit nie meer in Libertas gebruik is nie. Sy lakens, komberse en selfs sy slaapklere was as staatseiendom gemerk. Monase het die feit benadruk dat Libertas altyd oopgestaan het.⁷⁴

Die gevolg was dat die bediende deur die Polisie op 'n klag van diefstal gearresteer is⁷⁵ en dat beheer oor die linne opgeknop moes word. Na bespreking met mev Maria Malan en die Tesourie is stappe gedoen om die beheermaatreëls te verskerp. Die verantwoordelikheid vir Libertas se eiendom sou steeds by die huiskelner berus en hoewel die Tesourie gevoel het dat die verdwyning van iets soos 'n silwerkoekvurkie toegeskryf kon word aan iemand wat 'n aandeking wou gehad het, is die verlies van iets soos 'n souspot duidelik as gevolg van agtelosigheid. Die Tesourie het aanbeveel dat die koste van verlore items in die toekoms van die verantwoordelike persoonneellid verhaal word.⁷⁶

In 1953 is gevind dat Brand nie verslag gedoen het oor die tekorte vir Augustus nie. Brand het in daardie stadium nie meer in Libertas gewerk nie en briewe wat by sy laaste adres aan hom gerig was, het teruggekeer met "Left, address unknown".⁷⁷ Die Polisie is opdrag gegee om Brand op te spoor en die saak is aan die Prokureur-generaal oorhandig.⁷⁸ Nadat iemand gemeld het dat Brand in 'n uniform gesien is,⁷⁹ het die Polisie Brand opgespoor waar hy as kroegman by die offisiërsmenasie in Voortrekkerhoogte gewerk het.⁸⁰ Twee van die bediendes by Libertas het aangevoer dat daar by verskillende geleenthede beddegoed na Brand se woning geneem is en daar gebruik is. 'n Lasbrief is uitgereik en Brand se woning is deurgesoek, maar niks kon

⁷³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr EM - C.C. Brand, 1953-04-14.

⁷⁴ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring in die hof, 1953-04-28.

⁷⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. EM - C.C.Brand, 1953-04-14.

⁷⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec. Treasury - G.S. Oosthuizen, Sec. External Affairs, 1953-05-13.

⁷⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - G.S. Oosthuizen, 1953-10-19.

⁷⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Binnelandse Sake, 1953-12-12.

⁷⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Kommissaris van SA Polisie - Sekr Buitelandse Sake, 1954-01-06.

⁸⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitlandse Sake - Kommissaris van SAP, 1954-01-22.

gevind word nie. Die bediende wat vroeër aangekla is, is ook onskuldig bevind en die Polisie het toegegee dat al hulle pogings misluk het en dat hulle die saak nie verder kon voer nie.⁸¹

In 1952 was kelner Hesselman besig om 'n kandelaar skoon te maak, toe hy dit laat val het. Die voetstuk is in so 'n mate beskadig dat dit deur die vervaardigers herstel moes word. Die Tesourie wou van mej Neethling weet hoe Hesselman gewoonlik met regeringseiendom te werk gegaan het. Volgens mej Neethling het Hesselman nie onverskillig met staatseiendom gewerk nie en sy het aanbeveel dat die Tesourie nie die koste vir die herstelwerk van Hesselman verhaal nie. Die Tesourie het die verduideliking aanvaar en die herstelkoste van £6.10 betaal.⁸²

So is daar jaarliks deeglike inventaris geneem en moes redes en verduidelikings vir afwykings aangevoer word, maar toe twee kussings in 1954 vermis is, het geen haan daarna gekraai nie. Die kussings is deur Malan se hond verskeur⁸³ en geen kommissie van ondersoek is daarna aangestel nie.

Die inwerkstelling van die nuwe reëls en regulasies was 'n aanduiding dat die woning nou vir die eerste keer bewoon is deur permanente, verantwoordelike inwoners wat die behoefte aan die regulasies ingesien het.

4. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Die Malans het nie veel onthaal nie en het 'n stil, rustige lewe in Libertas gelei. Indien hulle onthaal het, was dit met 'n aandete, gevolg deur gesellige kuier. Daar was nie uitgebreide kontak met die buiteland nie en buitelandse besoekers was min. Vriende, lede van die Nasionale Party en diplomate is onthaal maar geen skemerpartytjies is gehou nie. Daar is die normale teepartytjies, dinees en onthale aangebied soos van die staatshoof verwag is, maar nooit uitspattig of op groot skaal nie. Hoewel Malan en Smuts mekaar goed geken het, kan Lettie Malan haar nie herinner dat sy Smuts ooit by Libertas opgemerk het nie.⁸⁴

⁸¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - H.J. du Plooy, Kommissaris van SAP, 1954-04-26.

⁸² NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Buitelandse Sake, 1952-10-27.

⁸³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: G.S. Oosthuizen, Secr. External affairs - Secr. Treasury, 1954-03-23.

⁸⁴ Mondelinge mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

Mevrou Betsie Verwoerd het vertel dat die vroue van Kabinetslede gereeld deur mev Malan vir tee na Libertas en Groote Schuur genooi is. Toe dr Verwoerd as nuwe Kabinetslid aangestel is, het mev Malan haar na Libertas genooi. Volgens mev Verwoerd het mev Malan 'n moederlike houding teenoor 'n mens ingeneem.⁸⁵

Daar was belangstelling van die publiek in die woning van die Eerste Minister. Die Eerste Minister het voortdurend versoeke ontvang vir besoeke aan Libertas om die ampswoning te besigtig. Dit is geredelik toegestaan en die besoekers is deur die opsigter deur die woning begelei. So het lede van die Voortrekkerkommando van Sannieshof Libertas in 1953 besoek.⁸⁶ Daar was in Smuts se tyd nie besoekers aan Libertas nie, omdat daar baie gaste in die ampswoning gewoon het, maar in Strijdom se tyd het besoeke van dié aard toegeneem.

5. *Bestuur van die huishouding*

Aangesien Malan die eerste Premier was wat Libertas heeltyds tydens sy ampstermyn bewoon het, was die voorwaardes waaronder hy die ampswoning sou bewoon, een van die eerste sake waaraan aandag gegee moes word. Daar moes bepaal word hoe te werk gegaan moes word om huishoudelike uitgawes soos dié vir persoonlike wasgoed te betaal en hoe die huishouding se uitgawes tussen die Eerste Minister en die Departement van Openbare Werke verdeel moes word.⁸⁷ Met sy bewindsaanvaarding is aan Malan verduidelik hoe onbevredigend en verwarrend die finansiële reëlings met verversings en ander aspekte van die huishouding gedurende die regeringstyd van sy voorganger was. Die vorige reëlings moet gesien word in die lig daarvan dat dit ingestel is tydens die oorlogsjare en in omstandighede toe die woning nie permanent bewoon was nie.⁸⁸

Die reëling in Smuts se tyd was dat die ampswoning gratis aan die Premier beskikbaar gestel is en dat die staat die nodige personeel verskaf en betaal het. Alle uitgawes soos dié vir voedsel en wasgoed moes deur die inwoners self betaal word. Vir 'n hele aantal jare was hierdie reëling onbevredigend, maar Smuts wou nie die bestaande praktyk verander nie. Die reëling was veral

⁸⁵ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 104.

⁸⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: H. Muller, Kommandant Voortrekkerbeweging - J.W. Louw, Sekr. EM, 1953-09-09.

⁸⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.Ministerial Affairs - Sec. PWD, 1949-03-27.

⁸⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Office of Prime Minister - Sec. to Treasury, 1948-06-15.

verwarrend waar dit gehandel het oor die onthaal van amptelike gaste en etes wat aan die huishoudingpersoneel verskaf is. Dit het gereeld gebeur dat die Eerste Minister die uitgawes uit sy eie sak gedek het. Dit was prakties onmoontlik om afsonderlike voorrade vir die gesin se gebruik en vir amptelike gebruik te hou. Dit was ook baie moeilik om uitgawes wat aangegaan is vir amptelike en huislike gebruik te skei.⁸⁹

In Malan se tyd is as voorlopige maatreël besluit dat die regering volle verantwoordelikheid vir alle uitgawes sou aanvaar. Die Eerste Minister sou dan maandeliks £50 bydra as dekking vir die persoonlike voordeel wat hy en sy gesin uit so 'n reëling trek.⁹⁰

Die reëling is later in Malan se tyd verander om die verdeling van verantwoordelikhede duideliker uit te stip. Die staat sou al die ameublement en toerusting verskaf vir die normale huishoudelike benodighede van die Eerste Minister, sy gesin en gaste wat hy amptelik onthaal. Dit het huishoudelike linne, breekgoed en kombuisgereedskap ingesluit. Die staat sou ook sorg dat die meubels en die toerusting in stand gehou word. Daarvoor sou die staat middele voorsien soos politoer, besems en seep. Die nodige personeel sou deur die staat gehuur en besoldig word om die woning, tuine en ameublement in stand te hou. Uitgawes soos dié vir water en ligte sou ook deur die staat gedra word. Benodighede vir die gebruik van gaste, maar nie deur die Eerste Minister en sy gesin nie, sou ook deur die staat verskaf word.

Die Eerste Minister was verantwoordelik vir die dra van die huishoudelike uitgawes vir die woning. Die staat sou £1000 per jaar bydra, hoofsaaklik as vergoeding vir onthale wat hy ampshalwe byvoorbeeld vir diplomate, aanbied. Die bedrag sou gereeld hersien word om die uitgawes te dek. Groote Schuur en Libertas sou onder dieselfde voorwaardes bewoon word.⁹¹

Mej Neethling of die Eerste Minister se privaatsekretaris moes 'n ogie oor die uitgawes hou, asook 'n rekord van uitgawes wat in verband met die onthaal van regeringsgaste aangegaan is, sodat 'n behoorlike berekening aan die einde van elke twaalf maande gemaak kon word.⁹²

89 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Office of Prime Minister - Sec. to Treasury, 1948-06-15.

90 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. van Tesourie, 1953-04-23.

91 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. van Tesourie, 1953-04-23.

92 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec. PM - Under Sec. PM, 1948-07-24.

Op 17 Augustus 1949 het mej Neethling die opgawe van maandelikse uitgawes van *Libertas* en Groote Schuur vir die tydperk 1 Junie 1948 tot 31 Mei 1949 voorgelê. Van die £1265 was nagenoeg £535 aan amptelike onthale bestee. Die uitgawe-opname het getoon dat die Eerste Minister drie maande in *Libertas* en nege maande in Groote Schuur gewoon het. Sy het gesê dat die gemiddelde maandelikse uitgawes aan *Libertas* £124 en Groote Schuur £100 was. Die maandelikse uitgawes by *Libertas* was dus ongeveer 20% hoër as dié by Groote Schuur. Op sigwaarde is die bevinding ietwat verrassend, aangesien *Libertas* heelwat kleiner en nuwer as Groote Schuur is. Die verskille het sy daaraan toegeskryf dat die Groote Schuur-landgoed sy eie melk, vrugte en groente geproduseer het; dus was die uitgawes heelwat laer as wat in die toekoms verwag kon word. Verder was die lae syfers vir Desember 1948, Maart, April en Mei 1949 vir Groote Schuur daaraan toe te skryf dat die Eerste Minister met vakansie was.⁹³

Nog 'n moontlike rede vir die verskille was dat van die nege maande wat hy in Groote Schuur gewoon het, Malan waarskynlik baie van die tyd in Stellenbosch by sy private woning was. Die onkoste aan die onderhoud aan Groote Schuur is in dié tyd deur die Rhodes-trust gedra en dit het die staat dus minder aan onderhoud gekos.⁹⁴ Hierdie syfers kan dus nie gebruik word om afleidings oor die instandhouding of lewenskoste verbonde aan die twee ampswonings te maak nie.

6. *Strukturele instandhouding van Libertas*

Soos reeds aangedui is, het klammigheid gedurende elke reënseisoen aan die voorste muur van die woning uitgeslaan en het die verf gevolglik in verskeie vertrekke afgedop. Die Departement van Openbare Werke het na elke reënseisoen en net voordat die inwoners na *Libertas* sou terugkeer, die plekke herstel waar verf afgedop het. Die oorsaak van die probleem kon egter nie opgelos word in die tyd tot hulle beskikking nie. Die Departement wou in 1952 weet of hy die nodige hertelwerk aan *Libertas* kon doen. Die Eerste Minister sou van 2 Desember 1952 tot die einde van April 1953 in Kaapstad wees. Dit sou beteken dat die Departement van Openbare Werke vyf maande tot sy beskikking sou hê om die nodige werk te doen.⁹⁵

⁹³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - Tillema, 1949-08-17.

⁹⁴ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Cape Times*, 1939-11-04.

⁹⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Dir. PWD - Sekr. Buitelandse Sake, 1952-12-02.

Volgens die Departement sou hy minstens ses maande vir die herstelwerk nodig hê. Hy het 'n rooster opgestel waarvolgens hy van April tot September nodig om die werk te doen. April sou gebruik word om die pleister af te kap en die mure vir nuwe pleister voor te berei. Mei tot Junie moes die mure uitdroog en die oorblywende drie maande sou gebruik word om die binne- en buitemure te pleister en te verf. Dit was noodsaaklik om dit in die droë maande te doen. Die probleem was dat die Eerste Minister Libertas weer van 30 April 1953 wou bewoon en dit die Departement nie genoeg tyd sou laat nie.⁹⁶ Daar is besluit dat tot tyd en wyl 'n geskikter tyd vir die behoorlike herstel van die woning gevind kon word, herstelmetodes van die verlede voortgesit moes word.⁹⁷ So is die lekkende dakke weer nie herstel nie.

7. *Malan se uittrede uit die politiek*

Vroeg in Februarie 1954 het mev Malan ernstig siek geword. Dit was vir Malan 'n groot slag, want hy was baie afhanklik van haar hulp en het swaar gekry. Besoekers aan Libertas het Malan aangetref waar hy sy vrou in 'n rolstoel rondstoot. Hy het dit afgemaak met: "En toe, het jy ooit gedink dat ek nog eendag 'n kinderoppasser sal word!"⁹⁸ Haar siekte sou 'n invloed op sy besluit gehad het om uit die politiek te tree.

Sy gesondheid het verswak en in 1953 het hy sy uittrede as Kaaplandse leier van die Nasionale Party aangekondig. Die aand van Maandag, 11 Oktober 1954 het 'n buitengewone Kabinetsvergadering in Libertas plaasgevind. Tydens dié vergadering in die onderste ontvangskamer het Malan die Kabinet ingelig dat hy die tuig gaan neerlê. Die ouderdom het hom ingehaal, sy vrou - sy bron van steun - was verswak en die Nasionale Party het nie meer sy leidende hand nodig gehad nie. Hy het dus uitgetree⁹⁹ en op 30 November 1954 het hy die politiek finaal vaarwel toegeroep.

Terug in Môrewag, Stellenbosch, was dit rustiger. Die mense van die omgewing het hulle vriendelik ontvang en hulle het 'n huisliker lewe gelei.¹⁰⁰ Hy kon rus en met die lewenslustige Marietjie speel. Sy sou sê: "Dis nie nou politiek-tyd nie, Pappa, dis nou jakker-tyd". In

⁹⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - Dir. PW, 1952-12-06.

⁹⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. EM - Sekr. Buitelandse sake, 1953-01-07.

⁹⁸ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 291.

⁹⁹ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 293.

¹⁰⁰ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 307.

Stellenbosch het hy nou tyd gehad om saam met Marietjie die natuur te bestudeer.¹⁰¹ Hy het begin om sy outobiografie te skryf, maar het dit nooit afgehandel nie¹⁰² want op 7 Februarie 1959 is hy na twee beroerte-aanvalle oorlede.¹⁰³ Hy is in Stellenbosch se begraafplaas begrawe.¹⁰⁴

Libertas was 'n duidelike deel van Malan se bewindstydperk. Hy was die eerste Premier om in die ampswoning te woon. Hy het met die samestelling van sy eerste Kabinet hier begin en dit was ook in Libertas dat hy sy uittrede aangekondig het. Advokaat JG Strijdom sou daarna in die ampswoning intrek as sesde Premier van Suid-Afrika en iemand wat aanklank by Moerdyk se werk gevind het.

101 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 55.

102 D.W. Krüger(red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 584.

103 M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1919-1966)*, p. 91.

104 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 584.